# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 4 27 September 2020

## Prediker 3:1-17

Die Prediker praat oor die diep soeke in ons na iets meer, na iets beter. Hy oorweeg ons soeke daarna in besit, plesier, mag, avontuur, wysheid, kennis, selfs dwaasheid. Hy neem waar dat ons meer wil hê, meer wil voel, meer wil doen, meer wil bereik … Maar dan wys hy uit sy eie ervaring dat die probleem met die soektog na iets meer, na iets beter tog vrugteloos is; dit kom tot niks.

Die soeke na meer is wonderlik in die oomblik, maar die plesier daarvan hou nie. Dit bly relatief. Dit is nie absoluut nie. Ons klim die hoogste berg – en dan is dit verby. Ons bereik die hoogste sport – en dan is dit verby. Ons ervaar die hoogste plesier – en dan is dit verby. Ons beywer ons vir 'n miljoen, of twee, of drie – en daar is altyd nog 'n miljoen wat wag. Die soeke na iets hou nooit op nie...

Sommige van ons gooi natuurlik gou tou op in dié soeke, kom gou agter dat die soeke na meer nie bevredigend is nie. Sommige van ons ervaar weet dat die soeke na iets te veel van ons vra. Ander hou verbete aan. Maar op die ou end vind ons tog daardie meer nooit nie.

Die Prediker vertel ons in hoofstuk 3 hoe die ritmes van die lewe mekaar opvolg, en afwissel, maar vind nie blywende sin daar in nie. Dit is hierdie ongemak wat die Prediker laat uitroep: "Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei?" Dit voel vir hom "Alles kom tot niks. Niks is blywend nie."

En dan antwoord hy self in 3:11 wat as volg vertaal kan word: "Hy (God) het alles mooi/goed gemaak op sy tyd. Hy het ook die ewigheid in hulle hart geplaas. Tog kan die mens nie God se werk van begin tot end uitvind/begryp nie."
Hiermee sê hy eerstens dat daar wel 'n plan of patroon is vir en met alles, maar dat dit God s'n is. Die plan of patroon is daar, maar nie volkome binne ons bereik nie. Ons kan dele daarvan verstaan, sommige minder, en ander meer. Maar, niemand van ons kan dit van begin tot die einde volledig begryp nie. Maar, verseker kan ons weet dat die plan daar is!
Die tweede ding wat hy daarmee sê, is dat ons mense is wat die kapasiteit het vir die ewigheid. Dit beteken dat ons nie deur enigiets "onder die son" tevrede gestel kan word nie. Daardie soeke in ons na meer, is eintlik 'n soeke na God, na die eintlike werklikheid, na die eindbestemming, na die ewigheid.
En dit is wat die Prediker met sy boek wil doen. Hy wil ons herinner aan die werklikheid van God, die enigste Een wat sin bring aan ons lewens. Die soeke na meer sonder God aan jou sy, is die soeke wat nooit tot rus kom nie.
Maar, dan sê hy in die derde plek ook dat daar een manier is waarop 'n mens tog sin in die lewe kan ervaar, wanneer jy die lewe as 'n gawe uit Sy hand geniet. Dit is dan wat die begeerte na meer in God jou vervulling gee. Dit is dan wat jy besef dat die vreugde alreeds lê in die reis self, en die genot van die oomblik self. Dit is die gawe van God. Vreugde lê nie eers aan die einde daarvan, in die blywende waarde of uiteindelike betekenis van iets nie. Nee, dit lê in die genot van iets as 'n gawe van God, soos jy dit ervaar, soos jy dit beleef.
Dit beteken dat ons meer op die reis van die lewe moet fokus en dat ons onsself daarop moet instel om dit te geniet, eerder as dat ons wag vir 'n vervulling of 'n betekenis aan iets wat êrens in die toekoms op ons wag en wat ons na baie harde werk sal bereik.Met ander woorde, as Jesus nie opgestaan het nie, sou ons verlossing 'n halwe verlossing gewees het, 'n onvoltooide verlossing. Die feit dat God Hom, na sy kruisdood uit die dood opgewek het, was God se JA op sy daad aan die kruis op Golgota. Daar het Hy vir ons, in ons plek, versoening gedoen by God. En omdat God daardie versoening aanvaar het, het Hy Jesus uit die dood opgewek. Daarom sê Paulus: as Jesus nie opgewek is nie, is ons geloof nie alleen nutteloos nie, maar ons verlossing alleen halwe verlossing. 'n Halwe verlossing wat eindig by sondevergifnis, maar wat tog eindig in die dood. Maar nou het Jesus opgestaan, is ons geloof nie nutteloos nie want ons glo in 'n lewende God, en is ons verlossing volkome: Ons is verlos van die sonde en die ewige dood.

## Liturgie

### Verwelkoming
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Psalm 46:10 -

### Loflied
- Lofsing die Here (LB 184) -

### Skriflesing en Oordenking
- Prediker 3:1-17 -

### Wil van die Here (Wet)
- Psalm 55:23 -

### Skuldbelydenis
- Stilte -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)
- Psalm 56:4-5 -

### Geloofsbelydenis
- Ek glo in vas God (LB 260) -

### Seën en Amen
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Amen (LB 314) -

# Delf dieper

## Volmaakte Bekommernis

**#Bybelvasvra:**

Watter genre is die boek Prediker?

Hierdie gedeelte in die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Waaroor is jy bekommerd?
2. Wanneer laas het jy aan die geslaap geraak sonder om bekommerd te wees?

### 2) Na God:

1. Lees Prediker 3:1-17 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
   a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
   b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Hoe moet ons bekommernisse hanteer volgens die Skrifgedeelte?

### 3) Na mense:

1. Fokus op dit wat jy vandag moet doen.

## Daar is 'n tyd...

Prediker 3:1-17



Lees hierdie week se gedeelte in die Bybel saam met mamma of pappa. Watter woord staan vir jou uit in hierdie gedeelte? Dit is natuurlik die woord "tyd". Hierdie teksgedeelte, veral vers 1-8 sê vir ons dat daar 'n spesifieke tyd is vir alle dinge. Kom ons lees dit weer:

[1]Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd:

[2]daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe,

'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek,

[3]'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red,

'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou,

[4]'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag,

'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans,

[5]'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak,

'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af,

[6]'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak,

'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi,

[7]'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk,

'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat,

[8]'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat,

'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede.

Soos jy hierbo gesien het, is daar 'n tyd vir alle dinge. Ons lees in vers 11 die volgende:

*[11]God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd.*

Waarom moet ons dan bekommerd wees oor hierdie goed? As ons weet dat God alles gemaak het sodat dit in 'n sekere tyd pas, is dit nie vir ons nodig om bekommerd te wees oor goed wat nog moet gebeur het nie. Ons moet fokus op wat nou gebeur in ons lewe en ook op God, in alles wat ons doen. Dit is die belangrikste - om bewus te wees van God in elke situasie waarin jy is. Ons moet ophou bekommerd wees oor dinge wat ons nie kan beheer nie en eerder vir God vra om ons te help met die dinge wat ons wel kan beheer.

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 27 September** | |
| Storm Dürr | |
| | |
| **Maandag 28 September** | |
| Percy Cawood | 082 444 1329 |
| Marius Jacobs | 083 564 4127 |
| Gerhard Lindeque | 012 803 9461 |
| | |
| **Dinsdag 29 September** | |
| Judy Grundling | 012 800 1598 |
| Hannie van der Merwe | 012 804 0931 |
| Anita Venter | 012 803 2423 |
| | |
| **Donderdag 01 Oktober** | |
| Marie Cornelius | 012 803 9052 |
| Martie du Randt | 084 294 3525 |
| Mila Grobler | 082 447 9270 |
| Tiens Muller | 083 294 2134 |
| Joyce Ras | 081 264 0779 |
| Danie Sans | 082 759 5186 |
| | |
| **Vrydag 02 Oktober** | |
| Andri Swanepoel | 072 328 1888 |
| Marco van Heerden | 082 884 7474 |
| Isabella Vos | 012 332 0862 |
| | |
| **Saterdag 03 Oktober** | |
| Desire Eysele | 076 780 1250 |
| Martin Joubert | 012 804 5578 |
| Rohan Potgieter | |
| Suna Pretorius | 012 804 1048 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Nic Visser

**AFSTERWE**
Ds. Quintus Smit

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert - Talita en Francois Moller
Mariska en Ruan Auret

**GEBOORTES**
Lize en Alexis Kok - Mienke Kok (20/08/20)
Estelle Jansen van Nieuwenhuizen - Nathan

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
Matrieks wat met hul Rekord eksamen begin




**Webtuiste:**
silvertonkruins.co.za

**Facebook:**
@Silvertonkruin

**Instagram:**
@Kruinjeug_ng

**Youtube:**
www.youtube.com/c/Silvertonkruin




**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**